


3

Van 'n landelike tot 'n nywerheidsamelewing (1850–1945)



Commissionerstraat in die sakesentrum van Johannesburg in 1893. Die mynkamp van tente uit die beginjare het weldra plek gemaak vir 'n myndorp met winkels, banke, kantore en kroë om die markplein. Die meeste wit werkers het in Fordsburg en Vrededorp in die ooste gewoon, en die swart trekarbeiders in kampongs naby die myne. In die vroeë jare het Afrikaners, saam met 'n klompie Kaape bruin mense en immigrante, kebdienste met kapkarre verskaf. Naas wit en swart mynwerkers het die nuwe dorp hebsugtige geldmakers, konkelaars en skelms gelok. Talle nuwe bedrywe het soos paddastoel verrys. Aan die bopunt van Johannesburg se maatskaplike piramide was die mynmagnate, bekend as die Randlords, en heel onder die opdrifels van die samelewing. Teen die middel-1890's het die strate gewemel van myners, prostitute, dobbelaars, kroegbase, wasgoedvroue en huisbediendes. Dié skildery, deur 'n onbekende kunstenaar, toon volgens die oorspronklike byskrif die hoek van Simmonds- en Commissionerstraat met Corner House, die Commercial Buildings, Green's Chambers, Barnato Building, die Fountain Bar en die Rand Club sigbaar.



CHRONOLOGIE

- 1877:** Theophilus Shepstone annekseer die Zuid-Afrikaanse Republiek vir die Britse kroon.
- 1880:** S.J. du Toit stig die Afrikanerbond.
- 1880–1881:** Transvaalse Afrikaners kom in opstand teen die Britse bewind, verslaan 'n Britse mag by Majuba en ontvang beperkte onafhanklikheid.
- 1883:** Paul Kruger word president van die ZAR; J.T. Jabavu stig sy eie koerant, *Imvo Zabantsundu* ("Swart opinie").
- 1886:** Goud word op die Witwatersrand ontdek.
- 1890:** Cecil John Rhodes word eerste minister van die Kaapkolonie.
- 1895:** M.T. Steyn word president van die Republiek van die Oranje-Vrystaat.
- 1895–1896:** Die Jameson-inval in Transvaal slaag nie daarin om 'n uitlanderopstand teweeg te bring nie.
- 1895:** Enoch Sontonga komponeer *Nkosi Sikelel' iAfrika*.
- 1899–1902:** Die Suid-Afrikaanse Oorlog.
- 1902:** Bruin leiers in Kaapstad stig die African Political Organisation; drie jaar later word Abdullah Abdurahman die leier.
- 1905:** Die Lagden-kommissie stel voor dat swart grondbesit in "wit" gebiede verbied word, en dat grond vir swart mense in 'n deel van die landelike gebiede gereserveer word.
- 1906:** Die eerste uitgawe van die *Sunday Times* verskyn.
- 1907:** 'n Staking deur Engelssprekende wit werkers op die goudmyne gee aanleiding tot grootskaalse werwing onder Afrikaners.
- 1908–1914:** Mohandas Ghandi lei 'n lydelike versetbeweging om beswaar te maak teen diskriminasie teen Indiërs.
- 1909:** 'n Afvaardiging van swart en bruin verteenwoordigers onder leiding van William Schreiner maak in Londen beswaar teen die uitsluiting van swart en bruin in die konsepweergawe van die Suid-Afrika-wet.
- 1910:** Unifikasie van Suid-Afrika; Louis Botha word die eerste premier; die Arbeidersparty en Unionisteparty word gestig om meestal Engelssprekende kiesers te verteenwoordig.
- 1911:** Die Suid-Afrikaanse Party (SAP) met Botha as leier word gestig; swart werkers word van geskoolde arbeid op die myne en spoorweë uitgesluit.
- 1912:** Die South African Native National Congress (SANNC, later die ANC) word gestig
- 1913:** Die Naturellen Grond Wet sit 10,5 miljoen morg grond (ongeveer 7% van die land se grondgebied) vir swart mense opsy, maar verbied aankope en deelboerdery in die res van die land; Sol Plaatje, sekretaris van die SANNC, doen verslag oor die lyding wat deur die wet veroorsaak word.
- 1913:** Sowat 9 000 swart werkers staak.
- 1913–1914:** Wit mynwerkers staak.
- 1914:** J.B.M. Hertzog stig die Nasionale Party (NP); Suid-Afrika tree toe tot die oorlog in Europa; 'n gewapende Boererebellie breek in die noorde uit.
- 1915:** Die eerste uitgawe van *De Burger* (later *Die Burger*) verskyn.
- 1918:** Die Afrikaner-Broederbond word in Johannesburg gestig.
- 1920:** Die Industrial and Commercial Workers Union of Africa (ICU), die eerste swart vakbond, word gestig.
- 1921:** Die Unioniste word by die SAP ingelyf; regeringsmagte skiet 163 lede van 'n swart godsdienessekte naby Queenstown dood.
- 1922:** Die Stallard-verslag beveel aan dat "naturelle" in die stedelike gebiede toegelaat sal word slegs "solank hul aanwesigheid deur die behoeftes van die blanke bevolking vereis word"; regeringsmagte dood 100 lede van die Bondelswarts in Suidwes-Afrika wat hulle teen die betaal van belasting verset het.
- 1922:** 'n Groot staking en stedelike opstand op die Witwatersrand.
- 1923:** Die Naturelle (Stadsgebiede) Wet wentel die funksies van die implementering van paswette en die administrasie van swart woonbuurte af na die wit munisipaliteite; eiendomsregte word nie in die "lokasies" toegestaan nie.
- 1924:** Die NP onder Hertzog vorm 'n Pakt-regering met die Arbeidersparty en voer 'n beleid van "beskaafde arbeid" in.
- 1925:** Afrikaans word tot 'n amptelike taal verklaar.
- 1928:** 'n Suid-Afrikaanse nasionale vlag (oranje-wit-blou) word vir die eerste keer naas die Union Jack gebruik; die Kommunistiese Party besluit om hom vir 'n "onafhanklike naturellerepubliek" te beywer as 'n stap in die rigting van 'n werkers- en kleinboerrevolusie.
- 1929–1932:** Die Groot Depressie en 'n langdurige droogte.
- 1933–1934:** Koalisieregering tussen die NP en die SAP.
- 1934:** Die Verenigde Party word gevorm met Hertzog as die leier en premier, en Smuts as die onderleier; hulle kom ooreen om te verskil oor Suid-Afrika se reg om neutraal te bly indien Brittanje oorlog verklaar; D.F. Malan se Gesuiwerde Nasionale Party word gevorm en word die amptelike opposisie. Die Statuswet bekragtig die status van Suid-Afrika as 'n "soewereine onafhanklike staat"; lidstate van die Britse Gemenebes het nou min of meer gelyke status
- 1935:** 400 afgevaardigdes stig die All African Convention (AAC) om die stryd van alle Afrikane te koördineer.
- 1938:** Viering van die eeufees van die Groot Trek veroorsaak massagedrnf onder die Afrikaners.
- 1939:** Suid-Afrika tree aan Britse kant tot die oorlog in Europa toe; die Verenigde Party skeur en Smuts word eerste minister.
- 1940:** Alfred Xuma word tot president van die ANC verkies, en hy blaas nuwe lewe in die organisasie.
- 1943:** Die NP toon vordering in 'n algemene verkiesing.

Inleiding

In die 1850's was Suid-Afrika 'n yl bevolkte gebied waar bestaansboerdery beoefen is en waarvan meer as 90% van die bevolking landelik was. Binne honderd jaar het dit in 'n snel verstedelike industriële ekonomie verander. In 1865 was Kaapstad die grootste stad met 'n inwonertal van 38 000, en as handels- en finansiële sentrum kon slegs Port Elizabeth met die Moederstad meeding. Teen 1950 was Johannesburg verreweg die grootste stad, en Durban die vernaamste hawe. Die bydrae van die mynbou- en vervaardigingssektor was dubbel dié van landbou, en hierdie twee sektore het 'n miljoen mense in diens geneem, van wie minder as 'n derde wit was.

Die transformasie van die politieke stelsels was net so drasties. In die 1850's het elk van die vier koloniale state 'n vorm van verteenwoordigende regering gekry – die Kaapkolonie het 'n parlement gehad, Natal 'n wetgewende raad en die twee republieke elkeen 'n Volksraad en 'n president. Maar die mag was elders gesetel. Amptenare wat deur Brittanje benoem is, het steeds hul wil op die wetgewers in die Kaap en Natal afgedwing, terwyl die republieke beheer kon word as gevolg van hul afhanklikheid van Britse handelaars en hawens.

Dit was eers toe dit begin lyk asof goud van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) die rykste staat in Suid-Afrika gaan maak, dat Brittanje dit nodig gevind het om oorlog te voer om sy heerskappy te laat geld. Die ge-

sag van die imperiale mag is egter ondermyn en immigrasie uit Brittanje ontmoedig deur die onverwags hoë prys wat dié konflik sowel menslik as stofflik sou kos.

Ná 1902 het politici van die koloniale state die inisiatief geneem om hul eie unie onder wit beheer tot stand te bring. Teen 1934 was die Unie van Suid-Afrika prakties 'n onafhanklike staat. Maar hoewel dit 'n unie genoem was, het die samelewing bestaan uit 'n deurmekaar en onderling vyandige versameling gemeenskappe. Met opkomende Afrikanernasionalisme aan die een kant en 'n kwynende Britse imperialisme aan die ander kant was daar geen Suid-Afrikanisme aan die ontwikkel nie. Afgesien van hul ekonomiese interafhanklikheid was daar min wat Suid-Afrikaners saamgesnoer het.

Die glans van goud en die simboliek van wit mag het die feit verbloem dat die bevolking tot 1933 oorwegend arm en swart was. Die politikus John X. Merriman het teen die 1880's reeds besef dat Suid-Afrika nooit as 'n witmensland beskou sou kon word nie. Hy het daarop gewys dat wit mag slegs geregtig sou kon word indien wittes as 'n "gesonde kerngroep" gevestig kan word wat verbind is tot die taak om die arm en benadeelde meerderheid van die bevolking op te hef.

Dit was moeilik om 'n gesonde kerngroep te vestig, en die regering se pogings hiertoe het tot diep in die tweede helfte van die 20ste eeu voortgeduur. In die eerste vier dekades van die eeu het die armblankevraagstuk die

wit politiek oorheers. Die armoede het verskeie oorsake gehad. In die 1880's en 1890's het die grense begin om toe te gaan, met die gevolg dat daar 'n groot, swak opgeleide landelike bevolking sonder enige vaardighede vir die stedelike arbeidsmark ontstaan het. Vir die eerste keer het kerk- en politieke leiers die probleem erken en hulle volledig op wit armoede toegespits. Die verwoesting van die Suid-Afrikaanse Oorlog het die krisis vererger.

Terselfdertyd het ongeveer 400 000 wit immigrante Suid-Afrika tussen 1870 en 1900 binnegekom, wat meer was as die hele wit bevolking van 340 000 in 1870. Hulle het die meeste van die beskikbare poste in die hoër geleedere van die arbeidsmark gevul.

Teen 1900 was daar slegs 10 000 Afrikaners wat nie op plase gewoon het nie; teen 1936 was die helfte van die gemeenskap verstedelik, en vir baie van hulle was dit 'n stryd om die mas op te kom. In die gewelddadige stakings in die eerste twaalf bestaansjare van die Unie het Afrikanerwerkers 'n afkerige, proto-revolusionêre massa gevorm. Teen 1930 is 'n kwart van die Afrikaners as behoeftig beskou.

Die waarheid was dat die armoede onder bruines, Indiërs en swartes nog erger was. Teen 1930 kon die reservate nie meer hul bevolking voed nie, en dié het begin om na die stede te stroom.